11. Deputate Algemene Sinode

11.2 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA – MOONTLIKE SPESIALE SINODES

1. Beskrywingspunt

1.1 Dat Spesiale Sinodes in opdrag van Algemene Sinodes gehou word wanneer wesentlike sake met ‘n ernstige verdelingspotensiaal nie binne redelike tyd met eenstemmigheid deur die Algemene Sinodes afgehandel/opgelos kan word nie, om dan daarmee te handel totdat dit met eenstemmigheid deur die betrokke Spesiale Sinode afgehandel kan word.

1.2 Dat die Spesiale Sinodes soos volg saamgestel word: Streeksinodes wys afgevaardigdes vir hierdie Sinodes voor elke Algemene Sinode aan, naamlik 4 predikante en 4 ouderlinge. As Algemene Sinode 2015 egter reeds besluit om so ‘n Spesiale Sinode op te roep, kan hy, ter wille van tydbesparing, ook oorweeg om die verteenwoordigers van die onderskeie Streeksinodes by die Algemene Sinode te versoek om staande die Algemene Sinode, afgevaardigdes vir hierdie eerste Spesiale Sinode aan te wys.

1.3 Dat die Spesiale Sinodes op die volgende maniere sal funksioneer:

1.3.1 ‘n Spesiale Sinode konstitueer die eerste keer onder leiding van die voorsitter en skriba van die vorige Algemene Sinode (opdraggewer) waarna die vergadering sy eie Moderamen aanwys vir leiding met die hantering van verwysde sake vanaf die Algemene Sinode.

1.3.2 Spesiale Sinodes vergader so dikwels en so lank as wat dit nodig is vir die afhandeling van hulle opdrag.

1.3.3 Spesiale Sinodes handel verwysde sake af sodra daar eenstemmigheid oor ‘n saak/sake bereik is en stel die kerke daarvan in kennis.

1.3.4 Die Spesiale Sinode wys Deputate aan, om waar kerke, wat besonderlik deur die besluite van die Spesiale Sinodes geraak word, so versoek, die besluite te gaan toelig.

2. Motivering

2.1 *Vir voorstel 1*

2.1.1 Hierdie voorstel veronderstel dat die twee groot beginsels wat by Beskrywingspunt 20.3 (Aanvullende Agenda) as motivering gestel is, as Goddelike opdragte erken word. Dié beginsels is dan ook die grondliggende motivering vir hierdie Beskrywingspunt, wat ‘n manier voorstel waarop in die kerklike orde en praktyk van die GKSA praktiese uitvoering aan hierdie beginsels gegee kan word, sodat daar in ons kerklike lewe weer eenheid kan wees en vrede kan heers.

2.1.2 Dit maak die kerke vry om in die gewone Algemene Sinodes meer te kan konsentreer op ander belangrike opdragte van die Here aan Sy kerk, waaroor daar in ons kerke grotendeels volkome ooreenstemming is, soos byvoorbeeld Matt 28:19; Ef 4:11-16; Rom 12:1-18; 1 Tim 1:3-6; 2 Tim 1:13; 2:14-16, 23; 3:16-17. Ons kerklike lewe behoort immers ook die Bybelse prioriteite te honoreer, soos byvoorbeeld 1 Kor 13. Om hierdie opdragte en prioriteite hulle regmatige plek te gee, moet verskille oor wesentlike sake met verantwoordelikheid hanteer word, maar op só ‘n manier dat dit nie alle ander kerklike werk in die skadu stel nie. Die voorstel van Spesiale Sinodes is ‘n poging om dit te bewerkstellig.

2.1.3 Daar is iets van ‘n analogie hiervan in die Dordtse Sinode van 1618-19, toe daardie kerke ‘n saak wat die kerklike lewe in beroering gebring het, op ‘n buitengewone Sinode behandel het.

2.2 *Vir voorstel 2*

2.2.1 Omdat die werkswyse van die Spesiale Sinodes in die meeste gevalle hoofsaaklik teologiese bestudering van die betrokke kwessie gaan wees, is die gawes en toerusting van veral predikante nodig. Die teenwoordigheid van bekwame ouderlinge is egter ook nodig, om te verhoed dat die Sinodes tot teologiese debatsverenigings verval, en om te help sorg (toesig hou) dat leersuiwerheid behoue bly.

2.2.2 Om finansiële redes, maar ook ter wille van die moontlikheid van deeglike debattering van sake, moet die Spesiale Sinodes nie te groot wees nie.

2.3 *Vir voorstel 3*

2.3.1 Die jarelange suksesvolle funksionering van die Kuratorium in ons kerke, gee ‘n navolgbare voorbeeld vir die funksionering van hierdie Spesiale Sinodes.

2.3.2 Hierdie Spesiale Sinodes gaan uiteraard met moeilike sake worstel, wat baie moeilik in ‘n massale vergadering met ernstige tydsbeperking, soos wat Algemene Sinodes is, behoorlik, na verdienste, behandel en uitgepraat/deurgepraat kan word. Omdat studie sowel as navorsing nodig gaan wees, kan hierdie Spesiale Sinodes vergadering en verdaging afwissel, vir so kort of lank as wat nodig mag wees.

3. Verduidelikende opmerkings by Beskrywingspunt

3.1 Voorbeelde uit die afgelope aantal dekades van wat as probleemsake beskou kan word, is die volgende:

- verdeeldheid tussen verskillende gemeentes van vorige Sinode Middellande en vorige Sinode Soutpansberg;
- vrou in amp
- Bybelvertaling
- liedere
- beker en kelkie

3.2 Die onlangse geskiedenis toon dat sulke probleemsake die tyd (oorlaai Agendas) en geesteskragte van Algemene Sinodes so in beslag neem, dat ander sake in die skadu daarvan behandel word.

3.3 Dit het ook aanleiding gegee tot onderlinge groepvorming in die geledere van Sinodegangers en kerke, en tot negatiewe beriggewing oor Sinodes van die GKSA en die GKSA in die algemeen.

3.4 Hierdie Sinodes sal, soos die Dordtse Sinode, ook van die advies van buitelandse kerke gebruik kan maak wanneer nodig.

3.5 Wanneer daar ernstige verskil ontstaan oor die vraag of ‘n saak wesentlik is of nie, en hiérdie verskil dan ernstige verdelingspotensiaal het en nie spoedig langs die normale kerklike weg opgelos kan word nie, word dít dan die saak wat na ‘n Spesiale Sinode verwys word. Om te sê dat dit bloot die verskil na ‘n ander terrein verskuif, is nie noodwendig waar nie. Dis ‘n ander vraag waar met ander Bybeldele as dié rakende die spesifieke vraagstuk waaroor dit gaan, geworstel gaan word. Om beter/fundamenteler vrae te vra, bring ons dalk makliker by antwoorde uit.

3.6 Spesiale Sinodes kan net handel oor sake wat deur Algemene Sinodes verwys is. Spesiale Sinodes kan dus nie sake op die Agenda plaas waaroor daar ook byvoorbeeld nie eenstemmigheid was by ‘n Algemene Sinode, maar sonder dat die Algemene Sinode dit na die Spesiale Sinode verwys het nie. Spesiale Sinodes skep dus nie self hulle Agendas nie.

3.7 Spesiale Sinodes handel sake af. Daar is dus nie meerdere beroep moontlik nie. Beswaarskrifte kan wel by die Spesiale Sinode ingedien word volgens die reëling in KO, art 46, alhoewel dit voor die verstryking van die “termyn” van die betrokke Spesiale Sinode sal moet gebeur. Wanneer dit nie moontlik is nie, kan kerke oorweeg om ‘n reëling te tref dat so ‘n afgehandelde saak na 10 jaar weer langs die normale kerklike weg by wyse van Beskrywingspunte aandag kan kry.

3.8 Daar word besef dat dit groot finansiële implikasies het. Maar korter Algemene Sinodes behoort geld te spaar, wat dan hiervoor aangewend kan word. Koste van potensiële kerkskeuring as ons hierdie nie doen nie, is baie hoër.

Toeligter: Ds SD Snyman.